Roep van die vleikuiken

deur Margaret Bakkes

"Om hom het die kamp stil geraak."

Die hoofkarakter (‘n jong man) sit en dink...

- dit was sy eerste keer dat hy heel op sy eie agt stadsjapies, deur die boswêreld neem.

- **<u>Die oerstilte om hom beklemtoon die naggeluide:</u>**

Hy weet, vannag sal hy nie slaap nie.

Daar is tye in ‘n man se lewe wat dit sonde is om te slaap, tye wat jy nie wil slaap nie.

Al wil jy slaap, kan jy nie. Soos daardie eerste maande na die ongeluk. En die maande na hy uit die Caprivi teruggekom het.



Die hoofkarakter vind homself in Swenispruit, in die natuur.

Sweni Spruit is 'n kamp in die Kruger Nasionale Wildtuin

Dis volmaan,

Dis of die *maanlig* in sy brein inskyn,
soos ‘n soeklig wat die donker,
verborge dinge wil loop uithaal.

Hy dink terug aan die verlede...

- ‘n Middag vroeg in sy matriekjaar toe die motorfiets hom geskep het en soos ‘n vrot vel deur die lug laat trek het...

Later het sy ma se hartseer gekom.

Die hoofkarakter was oortuig dat hy na die operasie binne die volgende ses weke reg sal wees.

Maar…

Die dokters het vir hom gelieg.

‘n tib-fib-fraktuur

- groei moeilik aan.



‘n verskietende embolus

- kan jou in die diepste asemnood by die dood laat omdraai -

- NIEMAND HET HOM HIEROOR GEWAARSKU NIE.



Deep vein thrombosis

Les 1: ‘n grootmens weet ook nie alles nie.

- Ses weke het vier maande geword in gips en op krukke.

Sy meisie het hom in ‘n brief laat weet, dat hulle mekaar liewer nie weer moet sien nie.

‘n Pel vertel hom:

Sy sê jy het verander, sy sien nie kans vir so ‘n befoeterde ou nie en die reuk van gipsbeen kan nie verduur word nie.

Hy kon nie roer sonder sy ma nie.

Al waarheen die jongman kon gaan,

- was skool toe en hospitaal toe.
- Nie kerk toe nie, nie fliek toe nie.
- Hy kon nie meer sy ma vat nie! (al het dit hom laat sleg voel).

Kort voor die matriekeksamen,



- en vier maande na die ongeluk, het sy been nogsteeds nie aangegroei nie.

Nog ‘n operasie sou hom sy matriekjaar kos. Hy wou nie nog ‘n jaar in die skool wees nie, so sy ma beraadslaag die dokter. Die oplossing: ‘n beenoorplanting uit sy heup.

- Die dokter het voorgestel hulle wag tot na die eksamen. Hulle sou intussen vir hom ‘n glasveselspalk maak.

- Die volgende nagte kon hy nie slaap nie, hy sou probeer swot, hy het gelê en dink hoe mens met net een been leef.

Jaap was ‘n goeie pêl,

een van die min wat oorgebly het.

Jaap het ‘n plan:

- wanneer hulle klaar is met die eksamen, vat hulle Jaap se pa se bakkie en ry Limpopo toe na sy oom se wildsplaas toe.

- Dus toe die eksamen klaar is, ry hulle en die operasie word met ‘n week uitgestel.

By die wildsplaas:

- swem hy met spalk en al in die vol rivier. (Hy gee nie om oor die krokodille nie)

- Snags hoor hy hoe die leeus brul en hy dink: “ek wil nooit weer teruggaan stad toe nie.”

- Terug in die stad vir die operasie:
- nog vier maande op krukke en in gips
- Die dokter sê: geen gewig op die been nie.

- Sy ma het hom alweer soos ‘n baba opgepas.
- Maande se frustrasie het gevolg, maar die been het aangegroei.
- Dit was al ‘n jaar na die ongeluk.

Die been was korter as die ander een, maar heel.

Die dokter sê:



Die nuwe been gaan sterker as die ou gesonde been wees.

Hy glo nie juis die dr nie.

Die leegheid was nog daar.

Weermag was nie ‘n opsie nie.

Daar was ses maande studentewerk in die wildtuin beskikbaar.

En so vertrek die jongman Skukuza toe.

- Hy het sy ouers gegroet.
- Weggestap sonder om om te kyk.
- EINDELIK VRY!

Klaar met die stad was hy.

- Die doelloosheid het doel geword.

Die stad = bedreiging

Sy ma se besorgdheid ‘n vernedering.



Sy pa het vir hom ‘n ouerige bakkie gebring en vir hom gevra om terug te keer sodat hy kon leer hoe om hom as natuurbewaarder te bekwaam.

Sy pa het hom oortuig.

- Dit sou lekker wees om weer ‘n student te wees.

- Dit is tog soveel lekkerder as skool.

- Hy wou mos nie vir altyd in die linnekamer werk of ‘n fliekjoggie wees nie.

Sy studentejare...

- Studie was opwindend!
- Daar was pêlle wat soos hy oor die bos voel.
- Daar was Nina.

Sy kadetjaar as natuurbewaarder was ‘n afskynsel van wat later sou volg. Tog het hy dit baie geniet.

- Hy het alleen in die Laeveld se reënwoud gebly.



In die reënwoud:

Tuesday 11 April 17

Na sy weermagjaar op Kimberley het hulle hom Caprivi toe gestuur.

Kwandorivier saam met sy Boesmanspoorsnyers patrollie.

- Die weermag wou hom nie meer hê nie, want die ANC en die Swapo was nie meer vyande nie.

- The South West African People's Organisation (SWAPO) was founded in Windhoek, South West Africa (presently Namibia) on 19 April 1960 by Herman Toivo ja Toivo. The party was originally formed to advocated immediate Namibian independence from South Africa and became the country’s leading party following independence in 1990.

Weer slapelose nagte:

vir ‘n hele jaar lank

Hy het verskriklik verlang na die ongerepte wêreld waar hy so tuis gevoel het.

‘n Soeke na sy identiteit:

- Wie is ek?
- Wat is waarheid en wat nie?
- Wat was die sin van sy jaar op Kimberley en in Caprivi?
- Wat was die sin van natuurbewaring in hierdie vernielde land?
- Was was die sin van sy lewe? En liefde?

want Nina het nie vir hom gewag nie, na sy jaar in Caprivi.

Sy broer het vir hom die advertensie gewys.

Hy het al die papierwerk afgehandel.
Gewonder: sal hy die werk kry met sy mank been?

Die onderhoud het goed gegaan en so word hy aangestel vir ses maande as ‘n staptoerveldwagter.

Skiet olifante wat met helikopters op hom afgejaag word.
Leer by ervare staptoerveldwagters.
Worstel deur malaria.
Kom ‘n gedragskode na.

En toe kry hy die brief.
Hy is permanent aangestel.
Hy sou sy eie staptoerroete kry, sy eie blyplek, sy vier mure teen die suidewind.
Die woestynjare is verby.

in die nag...

en eendag, sal ‘n Nina weer by hom wees, saam in die bos en luister na die naggeluide in die wit maanlig ...